4. 'n Minimum van vyf takke word in 'm vlotplanting gebruik. Hierdie takke word individueel bedraad en na bo gebuig in die verlangde posisies. Die onderste derde tot helfte van die nuwe boomstammetjie word skoongeknip en die oorblywende sytakke word bedraad en in die verlangde vorm gebuig. Die gewone reëls vir groepplantings geld ook hier, maar met die verskil dat die boomstamme byna in 'n reguit lyn geplaas word.

5. Maak vlak, wigvormige snitte aan die basis van elke stammetjie, asook aan die sy- en onderkante van die moederstam. Vryf hormoonpoeier (hardehoudgraad) in die snyplekke en plant die boom sydelings in 'n hout- of asbesbak. Die houer moet diep genoeg wees sodat die stam ten minste 5 cm diep begrawe kan word. 'n Sanderige grondmengsel is ideaal (8 dele riviersand, 2 dele growwe leem). Die oorspronklike wortels word sover as moontlik onversteurd gelaat en totaal bedek word met 'n minder sanderige mengsel (1 deel grond, 1 deel kompos, 1 deel sand).

6. Hou die boom in 'n sonnige deel en maak seker dat die sand nooit uitdroog nie, maar terelfdertyd ook goed dreineer. Nuwe wortels sal binne 6 maande vorm en na een jaar goed gevestig wees. Die oorspronklike wortelbasis kan nou deurgesaag en verwyder word, en die res van die boom kan in 'n geskikte houer geplant word.

7. 'n Vlakkerige houer sal waarskynlik die beste vertoon. 'n Belangrike punt om by die vlotstyl in gedagte te hou, is dat die moederstam sigbaar moet wees. Dit vertoon op sy beste indien ongeveer die helfte van die stam bo die grondoppervlak lê.

8. Aangesien Wildevye op hul beste vertoon as stewige, bonkige bome, is dit raadsaam om 'n nabyaansig van 'n woud voor te stel. Gebruik 'n kleiner aantal stamme (onewe getal, liefs nie nege nie) en moedig stamverdikking aan. Knip nuwe groei gedurig uit en hou die blaarmassa dig. Binne twee jaar behoort die vlotplanting gevestig te wees.

Wildevye is natuurlik bekend vir hulle geskiktheid vir rotsplantings. 'n Vlotplanting op 'n plat of effens hol klip behoort derhalwe baie geslaagd te wees.

V AFRONDINGSTEGNIEKE

BLAARVERKLEINING

HENNIE DIEDERICKS

In die soeke na geskikte Wildevye spesies, bly een van die grootste oorwegings die blaargrootte. (Vgl. Geskikte Wildevye vir bonsai) Sommige spesies het van nature betreklik klein blare, maar daar is ook spesies soos F.salicifolia (Wonderboomvy) wat normaalweg groot blare het, maar tog mooi verklein met die regte tegnieke.

Die volgende tegnieke kan gebruik word om blaarverkleining te bewerkstellig:

1. UITKNYP VAN GROEIPUNTE

Om 'n beter begrip te kry van wat bedoel word met die "uitknyp" van groeipunte, moet daar eers na die boom (tak) se groeiproses sowel as die metodes om groei te beheer of stimuleer gekyk word. Gedurende die groeiseisoen begin die botsels om uit te loop en die een op die punt van die nuwe groei word die terminale botsel genoem. Sekondere botsels is die botsels wat aan die kante uitgroei. Indien die terminale botsel verwyder sou word, ontwikkel die sekondere botsel en blare, wat later dan in takke sal ontwikkel. Indien die terminale botsel nie verwyder sou word nie, sal dit vinnig in een rigting groei en neem die sekondere botsels langer om tot takke te ontwikkel. Dit is daarom baie belangrik dat daar gedurende die groeiseisoen nie nagelaat word om die groeipunte uit te knyp nie aangesien dit die beste wyse is waarmee fyngroei verkry kan word.

By immergroen spesies is die eerste blaartjies wat aan 'n nuwe takkie gevorm word, die kleinste en word die blare al groter na die punt toe. Wanneer 'n boom dus sy regte grootte en vorm bereik het moet daar nie gehuiwer word om betyds na die eerste klein blaartjies terug te snoei nie. Die groot blare word uitgeknyp en verbeter die algehele indruk van die boom.